**Les 9 Die verskil tussen Jesus self en sy skaduwee.**

**1.’n Regte skaduwee van Jesus en Jesus self.**

Vandag begin ons met iets nuuts! Ons gaan kyk na die verskil tussen prentjies van goed en regte goed.

Een Bybel vers wat vir ons hierdie verskil wys is Kolossense 2 vers 17. Kom ons luister saam na hierdie vers:

[16]Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink
nie of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die Sabbatdag moet
vier nie. [17]Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is
Christus.

Kan julle sien vers 17 praat van twee verskillende dinge:

- die een is ’n skaduwee van Jesus,

- die ander is Jesus self.

Dit is die twee dinge waarna ons saam gaan kyk in ’n paar lesse:

- hoe lyk Jesus se skaduwee en
- wie is Jesus regtig self.

**2.Dis soos iemand wat om ’n hoek gestap kom.**

Dit gebeur baie keer dat ons aan een kant van die huis staan en iemand kom van die ander kant af aangeloop. Hy het nog nie om die hoek van die huis geloop nie, maar wanneer die son van agter hom kom, dan kom sy skaduwee eerste vooruit en kan ’n mens sy skaduwee sien nog voordat hy om die hoek gestap kom.

Gewoonlik sien ’n mens sommer al in die skaduwee wie dit is, al sien jy nog nie die persoon self nie.

Dit is omdat die persoon se skaduwee baie soos hy lyk en eintlik ’n soort prentjie is wat wys wie hy is.

Dit is wat die Bybel hier vir ons wys: Jesus het regtig ’n skaduwee gehad wat voor dat Hy na ons toe op die aarde gekom het, vir mense gewys het

- wie Jesus is en

- wat Jesus vir ons gaan doen.

**3.’n Skaduwee wys wie Jesus is maar dit is nie regtig Jesus nie.**

’n Ander boek in die Bybel leer ons nog iets van hierdie skadubeeld van Jesus. Dit is die boek Hebreërs. Kom ons kyk saam na Hebreërs 10:1

“Die wet van Moses is slegs ’n skadubeeld van die weldade wat sou kom, nie ’n werklike beeld daarvan nie.”

Is ’n skadubeeld ’n goeie fotobeeld van iemand?

Nee. ’n skadubeeld is nie ’n goeie fotobeeld nie. Dit gee jou ’n baie goeie idee van wie se skaduwee dit is en wat die persoon besig is om te doen wie se skaduwee dit is, maar dit wys jou nie regtig hoe lyk daardie persoon en wat presies doen daardie persoon nie.

Daarom moet jy die mens regtig sien en nie net sy skaduwee sien nie.

Dit is ook so met die Bybel. in die Bybel is daar regtig skaduweeprentjies van Jesus in die Ou Testament. Maar dit is net in die Nuwe Testament wat ons Jesus regtig self leer ken en nie net sy skaduwee sien nie.

**4.’n Foto is belangrik as iemand nie by jou is nie.**

Het julle al gesien watter foto’s sit mense op hulle selfone?

Dit is foto’s van mense vir wie hulle lief is. Ouers sit altyd foto’s van hulle kinders op hulle selfone. Tieners sit altyd foto’s van hulle meisie of kêrel op hulle selfone.

Hoekom?

Sodat hulle na hierdie foto’s kan kyk wanneer hulle nie bymekaar is nie. Ouers sal sommer so bietjie na hierdie foto kyk wanneer hulle verlang. Tieners sal baie keer na hierdie foto kyk wanneer hulle met hulle meisie of kêrel oor die foon praat.

Hierdie foto’s is baie belangrik as hulle nie bymekaar is nie. Daarom sal ’n meisie aanmekaar vir haar kêrel vra of hy nog elke dag na haar foto kyk as hulle nie bymekaar is nie.

**5.’n Mens kyk nie na iemand se foto wat self by jou is nie.**

Wat dink julle sal gebeur wanneer ’n kêrel by sy meisie gaan kuier, hulle sit langs mekaar en terwyl hulle so bymekaar sit kyk die kêrel nie na sy meisie nie, maar na sy meisie se foto op sy selfoon?

Sal sy net so bly wees wanneer hy dit doen, soos wat sy bly is wanneer hy ver is en dan elke dag na haar foto kyk?

Nee! Sy is dadelik kwaad en sal hom sommer los as hy die daarmee wil ophou nie.

Hoekom? Want as hy so langs haar net na haar foto wil kyk, wat is vir hom die belangrikste: sy meisie by hom of die foto van haar?

Dan is die foto vir hom belangriker!

Wat wys dit vir ons?

Dit wys dat hy nie regtig van haar hou as sy by hom is nie maar net van haar foto hou. Hy wil haar nie by hom hê nie. Hy wil hê sy moet nie regtig wees nie. Sy moet maar net ʼn mooi prentjie wees.

**6.Ons wil Jesus self by ons hê.**

Dit is hoekom die Bybel vir ons die verskil leer tussen

- die skaduwee of prentjie van Jesus en wat Hy doen
- en Jesus wat self by ons is en ons liefhet.

Dit maak dat ons Jesus self kan liefhê en nie net lief is vir ʼn prentjie van Jesus nie. Dit maak dat ons ook deel is van Jesus se liefde vir ons en nie maar net kyk na die prentjie van sy liefde vir ons nie.

Om te weet wat is Jesus se skaduwee en wie is Jesus self, gaan ons weer wys wat is regtig en wat is net ʼn skaduwee.

Dit is wat ons vir die volgende paar lesse na gaan kyk:

Wat is Jesus se skaduwee wat voor Hom uitgekom het en wie is Jesus regtig self by ons.